# WERKKAART 8
# MODULE 7

Gebruik jou *Piekfyn-woordeboek* op bladsy 162, 163, 168 en 175 om die volgende vrae oor idiomatiese uitdrukkings te voltooi.

1. Kies die betekenis in kolom B om by die uitdrukking in kolom A te pas.

| **Kolom A**<br>**Idioom** | **Kolom B**<br>**Betekenis** |
|---|---|
| a) Iets met lang tande doen. | • Hoe gaan dit met 'n saak? |
| b) Iemand woorde in die mond lê. | • Iemand op 'n kritieke stadium aan sy lot oorlaat. |
| c) Iemand in die steek laat. | • Een se skade is 'n ander een se voordeel. |
| d) Wat is die stand van sake? | • Iets teen jou sin doen. |
| e) Die een se dood is die ander een se brood. | • Beweer dat iemand iets gesê het wat hy nooit gesê het nie. |

2. Skryf 'n gepaste idioom vir die volgende:
   a) Iets het sy ontstaan.
   b) Net-net aan die lewe bly.
   c) 'n Lang tyd saam met iemand deurbring  sodat jy hom goed leer ken.

3. Op bladsy 170 het jy van leenwoorde geleer. In die letterraaisel, op die volgende bladsy, is tien woorde versteek wat van Maleis-Portugees, Khoi, Engels, Afrika-tale en Frans ontleen is.

   Kyk of jy al tien woorde kan opspoor.
   a) Skryf die tien woorde dan neer.
   b) Skryf ook neer uit watter taal hierdie woorde ontleen is.

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| p | u | a | b | m | a | m | s | v | n | s | x | i |
| w | g | w | c | s | x | o | w | p | o | b | i | w |
| v | r | e | m | h | s | s | p | r | g | q | p | y |
| q | m | s | n | a | j | s | a | d | c | a | t | i |
| z | e | c | t | r | r | k | k | r | r | q | a | s |
| l | c | i | r | y | e | o | q | l | f | w | h | p |
| a | e | i | w | g | g | g | e | g | r | j | v | t |
| b | v | h | t | x | n | m | o | l | s | a | l | e |
| g | a | r | a | g | e | a | t | b | a | q | y | n |
| b | i | g | t | n | s | h | s | y | s | i | d | n |
| r | m | y | t | j | d | w | r | e | t | r | e | i |
| y | o | d | p | z | o | j | h | g | i | t | t | s |
| k | f | p | a | y | n | u | j | h | a | p | q | l |

4. Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm.
   a) Dr. Chris Barnard het die eerste hart oorgeplant.
   b) Fedinand Chavier het in 1974 die
      “revolusionêre swembad-stofsuier” gebou.
   c) Niel Armstrong neem Pratley-kleefstof saam maan toe.

**Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak**
**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za**.